CHRISTUS
DIE HOOP VIR AFRIKA

– DIE VOLGENDE 20 JAAR –

WINTERSKOOL

10–12 Junie 2014

FAKULTEIT TEOLOGIE
FACULTY *of* THEOLOGY
sol iustitiae illustra nos

aangebied deur die
Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch
in samewerking met
Communitas, Ekklesia en die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie

PROGRAM

Dinsdag 10 Junie

08:00	Registrasie
09:00	Verwelkoming
09:15	Spiritualiteitsessie: Biskop Margaret Vertue
09:45	Hoofspreker: Dr. Mvume Dandala
10:45	Tee
11:15	Oggend parallelle sessies (Dag 1)
12:30	Middagete (deelnemers se eie verantwoordelikheid)
14:00	Middag parallelle sessies (tee/koffie word bedien)
16:30	Spitbraai

Woensdag 11 Junie

09:00	Spiritualiteitsessie: Di. Peter Langerman en John van de Laar
09:30	Hoofspreker: Me. Marlene le Roux
10:30	Tee
11:00	Oggend parallelle sessies (Dag 2)
12:30	Middagete (deelnemers se eie verantwoordelikheid)
14:00	Middag parallelle sessies (tee/koffie word bedien)
16:00	Verdaag

Donderdag 12 Junie

09:00	Spiritualiteitsessie: Ds. Lucas Plaatjie
09:30	Oggend parallelle sessie (Dag 3)
11:00	Tee
11:30	Hoofspreker: Dr. Dion Forster
12:30	Evaluering en afsluiting

WINTERSKOOL 2014

CHRISTUS DIE HOOP VIR AFRIKA
– DIE VOLGENDE 20 JAAR –

Predikante, studente en akademiese personeel van verskeie kerklike tradisies asook die breë publiek, word uitgenooi na 'n Winterskool met die tema ***Christus die hoop vir Afrika – die volgende 20 jaar*** wat van Dinsdag 10 Junie tot Donderdag 12 Junie 2014 by die Fakulteit Teologie, Dorpstraat 171, Stellenbosch gehou word.

Die winterskool word aangebied deur die Fakulteit en sy sentra Ekklesia en die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie, in samewerking met Communitas.

Die visie van die Winterskool is

- die voortgesette teologiese vorming van predikante en ander geestelike leiers;
- die versterking van die bande tussen kerke onderling, en tussen die fakulteit en verskillende kerke, en
- die bespreking van relevante teologiese-, bedienings- en publieke vraagstukke.

TEMA

Christus die hoop vir Afrika – die volgende 20 jaar

Gedurende 2014 vier ons 20 jaar van demokrasie in Suid-Afrika. Vanuit 'n Christelike perspektief wil ons nadink oor die afgelope twee dekades. Die lesse wat ons uit die verlede geleer het, help ons weer met ons gesamentlike reis as ekumeniese familie.

+ Ons sal nadink in die konteks van die viering van twintig jaar van konstitusionele demokrasie in Suid-Afrika.
+ Ons sal nadink in die konteks van bewus wees dat kerke steeds die instansies is wat die hoogste vlakke van vertroue van Suid-Afrikaners geniet.
+ Ons sal nadink in die konteks van die wete dat Afrika die vasteland is waar die Christelike geloof die sterkste groei.
+ Ons sal nadink in die konteks van toekomsgerigtheid en die vraag watter soort gemeenskappe ons vir komende generasies wil nalaat.
+ Ons sal nadink in die konteks van ons strewe om getroue dissipels en getuies te wees van Jesus Christus, die Hoop van Afrika, die Hoop van die wêreld.
+ Ons sal nadink in die konteks van ons honger na realistiese hoop, veerkragtige hoop, responsiewe hoop.

HOOFSESSIES EN –SPREKERS

Dag 1

Die kerk in SA kan nie op sy eie oorleef nie. Ons het ‘n roeping om ‘n betroubare kerk en daarom ‘n relevante kerk in Afrika te wees. Te midde van Afrika-pessimisme glo Christene dat daar hoop vir Afrika is. Ons beoog om hierdie stories van hoop met mekaar te deel.

- ***Dr. Mvume Dandala*** *(President van Seth Mokitimi Metodiste Seminarium in Pietermaritzburg; Voormalige president van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke; Voormalige sekretaris-generaal van die All Africa Council of Churches)*

Dag 2

Ons fokus die tweede dag op die vraag: Wat is die belangrikste dinge wat ons binne die volgende 20 jaar moet doen? Die doel is om meer duidelikheid te kry oor dit wat in die volgende twee dekades op die agendas van kerke moet wees.

- ***Me. Marlene le Roux*** *(Direkteur van “Audience Development and Education” by Kunstekaap Teater; Lid van die Kommissie vir Kultuur, Godsdiens en Linguistieke Gemeenskappe; Skrywer van die boek “Look at Me” wat handel oor vroue met gestremdhede)*

Dag 3

Die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Afrika is uiters belangrik. In ons strewe om hierdie amper oorweldigende uitdagings saam met ander rolspelers aan te spreek, bely ons dat Jesus Christus ons hoop is. Ons glo dus dat die kerk ‘n onontbeerlike rol as draer van hoop in Afrika kan speel.

- ***Dr. Dion Forster*** *(Sistematiese Teologie en Ekklesiologie, US; Senior navorser by die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie; Voorsitter van EXPOSED)*

PROGRAM

Die konferensie sal bestaan uit gesamentlike en parallelle sessies met ruim tyd vir besprekings. Die gesamentlike sessies sal hoofsaaklik in Engels wees, en die parallelle sessies in die betrokke spreker se taal van voorkeur (Engels of Afrikaans).

Deelnemers:

- kies **een tema** van die oggend parallelle sessies **oor drie dae**;
- kies **een** Dinsdagmiddag parallelle sessie, en
- kies **een** Woensdagmiddag parallelle sessie.

OGGEND PARALLELLE SESSIES (P)

Die verskillende oggend parallelle sessies sal fokus op die volgende temas:

P1 ~ Hoop te midde van Wanhoop;

P2 ~ Aktivisme en/of Bepleiting;

P3 ~ 'n Spiritualiteit van betrokkenheid by die wêreld;

P4 ~ Die kerk – deel van Afrika en deel van die globale wêreld en

P5 ~ Wat het gebeur met versoening – die eerste 20 jaar en die volgende 20 jaar.

(kies een tema wat strek oor drie dae)

P1 Hoop te midde van Wanhoop: 'n Ondersoek na hoop in die Ou en Nuwe Testament

In hierdie sessie word die tema van hoop in die Ou en Nuwe Testament bespreek:
Dag 1: Fokus op die belofte van land en nageslag in die Ou Testament. Hierdie saak is uiters belangrik in ons huidige Suid-Afrikaanse konteks waar daar gedebatteer word oor grondhervorming.
Dag 2: Fokus op hoe die Bybelse profete hoop kon verkondig ten spyte van die krisis van die ballingskap.
Dag 3: Fokus op Paulus se beklemtoning van die uiterste vorm van Christelike hoop, die opstanding uit die dood en die herskepping.

***Aanbieders*:**

- *Prof. Hendrik Bosman (Ou en Nuwe Testament, US)*
- *Dr. Ntozakhe Cezula (Ou en Nuwe Testament, US)*
- *Prof. Juliana Claassens (Ou en Nuwe Testament, US)*
- *Dr. Marius Nel (Ou en Nuwe Testament, US)*

P2 Aktivisme en/of Bepleiting?

Bepleiting ("advocacy") en aktivisme is terme wat dikwels gebruik word in gesprekke oor sosiale geregtigheid. Aktivisme word gedefinieer as die teorie of praktyk waar iemand opstaan vir 'n saak en doelbewus iets daaraan doen. Voorspraak word gedefinieer as die aktiewe ondersteuning, dit wil sê pleit of intree vir 'n spesifieke saak. Wat is die rol van die kerk in ons samelewing vandag? Moet ons aktiviste of voorstanders ("advocates") of beide wees? Gee die Bybel vir ons enige riglyne as daar gepraat word oor priesters, profete en koninklike diensknegte?

Aanbieders:

- *Prof. Nico Koopman (Dekaan van die Fakulteit Teologie, US; Direkteur van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie)*
- *Mnr. Craig Stewart (Direkteur van The Warehouse, Kaapstad – dien die kerk in haar respons tot armoede, ongeregtigheid en verdeeldheid; Nasionale koördineerder van "Micah Challenge South Africa")*
- *Dr. Pieter Grove (Assessor van die VGK Kaapland Sinode; Predikant van Sarepta gemeente)*

P3 'n Spiritualiteit van betrokkenheid by die wêreld – drie perspektiewe

Spiritualiteit is die hartklop van die kerk. Baie Christene definieer spiritualiteit as "om bewustelik te lewe in die teenwoordigheid van God." Die vraag is: Wat beteken dit vir Christene uit verskillende kerklike tradisies? In die volgende 20 jaar kan ons nie op ons eie aansukkel nie. Ons het mekaar nodig en kan leer van mekaar. Drie aanbieders uit verskillende kerklike agtergronde kom deel hul eie perspektiewe.

Aanbieders:

- *Dr. Mags Blackie (Senior lektor, Departement van Chemie en Polimeerwetenskap, US; Navorsingsgenoot by die Fakulteit Teologie, US; Geestelike begeleier ("spiritual director") en skrywer van "Rooted in Love: Integrating Ignatian spirituality into daily life"; Lidmaat van die Rooms-Katolieke Kerk)*
- *Dr. Breda Ludik (Predikant van die NGK Helderberg, Somerset Wes; Deeltydse dosent in Praktiese Teologie, US)*
- *Dr. Spiwo Xapile (Leierleraar van die JL Zwane Memorial Church in Guguletu en Direkteur van die JL Zwane Sentrum; Direksielid van die "Institute for Justice and Reconciliation" en "Institute for Healing of Memories"; Predikant van die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa)*

P4 Die kerk – deel van Afrika en deel van die globale wêreld

Die kerk in Suid-Afrika bestaan nie in 'n vakuum nie. Ons is deel van die Afrika-vasteland en ook deel van die globale wêreld. Hierdie sessie belig die tema vanuit drie perspektiewe: (1) Teologiese perspektief; (2) Ekonomiese- en ontwikkelingsperspektief; (3) Onafhanklike Pinksterkerke in Afrika perspektief.

Aanbieders:

- *Prof. Tersur Aben (Rektor: Theological College of Northern Nigeria)*
- *Dr. Grant Hatch (Ekonomiese en bestuurskonsultant; Voormalige Hoof van Strategie en Operasies van Accenture, Suid-Afrika)*
- *Past. Xola Skosana (Way of Life Church, Khayelitsha)*

P5 Wat het gebeur met versoening – die eerste 20 jaar en die volgende 20 jaar

Die kerk het 'n belangrike rol in die versoeningsproses van Suid-Afrika gespeel. 'n Paar vrae kan egter geopper word: Wat het werklik met betrekking tot versoening die afgelope 20 jaar gebeur? Het die kerk genoeg gedoen? Wat is ons rol in die toekoms? Hierdie sessie poog om moontlike antwoorde op bogenoemde vrae te gee.

Aanbieders:

- Prof. Piet Meiring (Emeritus professor in Missiologie, UP; Voormalige lid van die Waarheid- en Versoeningskommissie)
- Dr. Franklin Sonn (Voormalige rektor van Peninsula Technikon; Voormalige ambassadeur in die VSA)

MIDDAG PARALLELLE SESSIES (PS)

DINSDAGMIDDAG ~ 10 JUNIE 2014 (PS)

(kies een sessie)

PS1 Uitdagings vir gemeentes in die volgende 20 jaar

Ons land staan voor baie uitdagings as deel van Afrika en deel van die globale wêreld. Dieselfde geld vir elke plaaslike gemeente. Die vraag is: Is ons gereed om die uitdagings te hanteer of ignoreer ons dit? Hierdie sessie fokus op drie aspekte: (1) Hoe begin ons 'n nuwe beweging? (2) Hoe bepaal ons die kern kapasiteit wat nodig is vir 'n predikant? (3) Die gemengde ekonomie as 'n uitdaging vir hoofstroom denominasies.

Aanbieders:

- *Ds. Gielie Loubser (NGK Taakspan vir Jeug- en Familiebegeleiding)*
- *Dr. Philip Botha (NGK Taakspan vir Nuwe Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking; Die Gemeenskapskerk, Sunningdale)*
- *Ds. Andrew Esterhuizen (VGK Taakspan vir Predikantebegeleiding; VGK Kraaifontein).*
- *Dr Pierre Goosen (NGK Taakspan vir Predikantebegeleiding)*

PS2 Sakramente en die alledaagse lewe

Ons glo dat die kerk, as draer van die evangelie, 'n betekenisvolle bydrae kan lewer ten opsigte van die veiligheid en waardigheid van vroue. In hierdie sessie sal ons kyk na die oortuigings en praktyke wat bydra tot geweld teen vroue asook praktiese maniere waarop hoop en heling kan plaasvind.

Aanbieder:

- *Ds. Keith Griffiths (Emeritus Anglikaanse predikant; Sekretaris-generaal van die "Church Unity Commission"; Aktief betrokke by die liturgiese ontwikkeling in 'n ekumeniese omgewing)*

PS3 Die rol van musiek in die kerk – die volgende 20 jaar

Musiek help ons om God te aanbid. Ongelukkig was musiek ook 'n strydpunt in baie gemeentes die afgelope jare. Hierdie sessie sal ons help om musiek op 'n praktiese wyse en in verskillende kontekste te gebruik en waardeer sodat ons deur musiek die teenwoordigheid van God kan beleef.

Aanbieder:

- *Ds. John van de Laar (Metodiste predikant; Stigter van "Sacredise a publishing, resourcing and training ministry")*

PS4 Prediking in die volgende 20 jaar

Prediking was 'n integrale deel van die meeste eredienste 20 jaar gelede. Ons moet ook erken dat in sommige gemeentes die inhoud en styl van prediking presies dieselfde gebly het. Is die prediking steeds relevant vir mense wat leef in 'n wêreld met verskillende style van kommunikasie en 'n oorbelading van informasie? Wat moet die inhoud en styl van ons prediking in die volgende 20 jaar wees?

Aanbieder:

- *Dr. Andries Cilliers (Predikant van die NGK Sonstraal, Durbanville)*

PS5 Interkulturele kerke – die volgende 20 jaar

Ons leef in 'n diverse land met 'n verskeidenheid van kulture, maar ongelukkig weerspieël baie gemeentes nie hierdie diversiteit nie. Ons moet erken dat in sommige gevalle niks oor die afgelope 20 jaar verander het nie. Hierdie sessie sal ons help om diversiteit te omarm en die onskatbare ware daarvan te beleef.

Aanbieder:

- *Dr. Bruce Theron (Predikant van die United Congregational Church Kuilsrivier; Programbestuurder by Ekklesia)*

WOENSDAGMIDDAG ~ 11 JUNIE 2014 (PS)

(kies een sessie)

PS6 Hoe sien ons die rol van die kerk in die volgende 20 jaar? Drie jong stemme

In baie gevalle word die kerk deur ouer mans bestuur. In hierdie sessie deel drie jong kerkleiers hul mening of visie oor die rol van die kerk in die volgende 20 jaar. Ons moet bereid wees om na die jong stemme uit verskillende kerklike agtergronde te luister, andersins sal ons as kerk stagneer.

Aanbieders:

- *Ds. Lundi Joko (Anglican Church Westridge, Mitchells Plain)*
- *Ds. Carika Hanekom (NGK Sonstraal, Durbanville)*
- *Me. Shantelle Weber (Dosent in Jeugbediening, US; Common Ground Church, Rondebosch)*

PS7 Nadenke oor Pinkster – vanuit verskillende perspektiewe

Alle kerke vier die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Ons weet egter dat kerke verskillende perspektiewe het oor die rol van die Heilige Gees. In hierdie sessie word twee perspektiewe uit verskillende teologiese tradisies gedeel sodat ons van mekaar kan leer.

Aanbieders:

- *Dr. Coenie Burger (Direkteur van Ekklesia; NGK predikant)*
- *Past. Costa Mitchell (Nasionale Direkteur van die "Association of Vineyard Churches in South Africa")*

PS8 "Fresh expressions" vir die volgende 20 jaar

Ons weet dat daar dinge in die kerk is wat dieselfde sal bly. Ons weet egter dat nie alles net so kan bly soos 20 jaar gelede nie. Sommige kerke sukkel om nuwe maniere van kerkwees in 'n veranderde omgewing te ontwikkel. Hierdie sessie sal kyk na die Bybelse begronding sowel as praktiese riglyne vir "fresh expressions" in verskillende kontekste.

Aanbieders:

- *Ds. Gordon Crowther (Church of the Holy Spirit, Kirstenhof; Leier van die "Fresh expressions" span binne die Anglikanse Kerk)*
- *Dr. Philip Botha (Die Gemeenskapskerk, Sunningdale; NGK Taakspan vir Nuwe Gemeentelike-ontwikkeling en Kerklike Samewerking)*



PS9 Kinderbediening – die volgende 20 jaar

In die verlede het sommige kerkleiers die opmerking gemaak "Ons moet goed kyk na ons kinders, want hulle is die kerk van die toekoms." Elke kerkleier weet dat 'n dinamiese kinderbediening noodsaaklik is vir die toekoms van die kerk. Maar ons weet ook dat kinders alreeds die kerk van vandag is. Kinderbediening moet 'n integrale deel van elke gemeente wees.

Aanbieder:

- *Me. Karla van Biljon (Jeugwerker wat spesialiseer in Kinderbediening, NGK Kenridge)*

PS10 Dissipelskap – die werklike revolusie

Dissipelskap was 'n integrale deel van Jesus se bediening op aarde. Gedurende die afgelope jare is verskillende modelle van dissipelskap voorgehou. Hierdie sessie poog om 'n paar antwoorde te gee op die vraag: Is dit nie tyd om weer te herbesin oor ons siening van dissipelskap nie?

Aanbieders:

- *Dr. John Fischer(New Life Vineyard, Pinelands)*
- *Past. Clive Garton (Grapevine Christian Fellowship)*

REGISTRASIE

- Die registrasiefooi vir die winterskool beloop R350. Predikante van die VGK Kaapland en NGK Wes-Kaapse sinode word gesubsidieer deur hul sinodes en betaal R150. Daar is ook 'n paar beurse vir die Winterskool beskikbaar (kontak Wilma le Roux vir meer besonderhede).
- Middagetes is nie ingesluit nie – daar is egter verskeie restaurante binne loopafstand van die fakulteit. Deelnemers word genooi na 'n spitbraai op Dinsdagaand 10 Junie 2014; die koste is ingesluit by die registrasiefooi.
- Voltooi asseblief die aangehegte registrasievorm en stuur dit met u betaling aan Wilma le Roux, E-pos wler@sun.ac.za, Faks 086 563 7128 voor **Vrydag 30 Mei 2014.**

AKKOMMODASIE

Deelnemers moet hul eie reëlings tref vir akkommodasie. 'n Lys van gastehuise binne loopafstand van die fakulteit kan aangevra word by Wilma le Roux, E-pos wler@sun.ac.za

Navrae

Fakulteit Teologie
Helette van der Westhuizen
Tel: 021 808 9560
E-pos: hvdwest@sun.ac.za

Communitas
Wilma le Roux
Tel: 021 808 3624
E-pos: wler@sun.ac.za

Ekklesia
Chrisna van der Merwe
Tel: 021 808 4269
E-pos: cmer@sun.ac.za

Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie
Helette van der Westhuizen
Tel: 021 808 9560
E-pos: hvdwest@sun.ac.za

Aangebied deur die
Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch,
Dorpstraat 171, Stellenbosch
in samewerking met
Communitas, Ekklesia en die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie